GOUKOU
Plaaswag-Farmwatch
082 616 5332

# GRONDWET

# VAN

# GOUKOU PLAASWAG

---


1. Omskrywings
2. Mikpunte
3. Doelwitte
4. Lidmaatskap
5. Vrywaring
6. Aanspreeklikheid
7. Toerekenbaarheid
8. Affiliasie
9. Samestelling
10. Funksies
11. Logo en Briefhoofde
12. Identifikasiekaarte
13. Oplossing van Geskille
14. Dissiplinêre Maatreëls
15. Gebruik en Beheer van Fondse
16. Riglyne vir Proses van Samewerking
17. Algemene Praktyke en Prosedures

## 1. OMSKRYWINGS

1.1 Goukou Plaaswag Struktuur (GKP): Dit is ‘n allesomvattende woord en sluit alle strukture onder die beheer van Goukou Plaaswag in.

1.2 Plaaswag: Dit is ‘n groep individue wat woonagtig is in die Hessequa-distrik of betrokke is by die bedryf van ‘n besigheid waar die Plaaswag funksioneer.

1.3 Erkenning: Dit is die voorgeskrewe proses ingevolge waarvan die organisasie, synde

a. Die name en kontak besonderhede daarvan,

b. Die lidmaatskap of lede daarvan,

c. Die grondwet daarvan, en

d. Geouditeerde finansiële state

deur die plaaslike Gemeenskap Polisieforum opgeteken moet word. Indien die GPF onaktief is, of nie bestaan nie, sal dit deur die plaaslike Suid- Afrikaanse Polisiediens gedoen word.

1.4 Affiliasie by plaaslike GPF: Dit is die amptelike verteenwoordiging van die Plaaswag en Buurtwag Strukture. In die afwesigheid daarvan sal sodanige verteenwoordiging via die plaaslike Stasiebevelvoerder van die SAPD hanteer word.

1.5 Amptelik: Dit beteken dat Goukou Plaaswag geregistreer en erken word in die area waar dit bedrywig is.

1.6 Nie-Polities: Dit beteken dat Goukou Plaaswag nie by enige politieke organisasie geaffilieer behoort te wees nie en ook nie enige werk vir ‘n politieke organisasie mag doen of die indruk skep van politieke alliansie ten opsigte van sodanige organisasie nie.

1.7 Nie-Seksisties: Dit beteken dat Goukou Plaaswag mag nie op grond van ras, geslag of seksuele oriëntasie diskrimineer nie.

## 2. MIKPUNTE

2.1 Om ‘n gevoel van eenheid, toewyding en goeie verhoudings tussen alle inwonders in die area van bedrywighede te skep en te handhaaf.

2.2 Om as waghond van die gemeenskap en plaaslike Polisiediens op te tree en die Suid-Afrikaanse Polisiediens by te staan in die beveiliging van die betrokke gemeenskap teen kriminele bedrywighede en sodoende ‘n veilige en beskermende omgewing te skep.

2.3 Om ‘n kanaal te voorsien waardeur plaaslike gemeenskappe ‘n betekenisvolle rol in die voorkoming van misdaad kan speel.

2.4 Om alle statutêre en nie-statutêre organisasies te ondersteun in enige ramp of gebeurtenis wat mag plaasvind in die area van bedrywighede.

**3. DOELWITTE**

3.1 Om openbare bewustheid met betrekking tot veiligheid, misdaadvoorkoming en beskerming van huisgesinne en hul eiendom te skep.

3.2 Om die gemeenskap aan te moedig tot noue samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisiediens en ander strukture soos plaaslike owerhede wat by wetstoepassing betrokke is.

3.3 Om te verseker dat Goukou Plaaswag lede binne die raamwerk van die wet optree.

3.4 Om die diverse inwonersgemeenskap te verenig in die skep van 'n stabiele en misdaadvrye omgewing.

**4. LIDMAATSKAP**

4.1 Lidmaatskap van Goukou Plaaswag moet op die beginsels van nie-rassisties, nie-seksisties en demokrasie gegrond wees.

4.2 Lidmaatskap moet oop wees vir almal, ongeag van ras, kleur, geloof of ongeskiktheid.

4.3 Goukou Plaaswag moet hul eie lidmaatskapfooi bepaal. Tans is die ledegeld R30 per maand per lid of R50 per huishouding.

4.4 Die lede register moet op datum gehou word. Die register moet elke lid se naam, identiteitsnommer, roepsein, plaasnommer en telefoon besonderhede bevat.

4.5 Elke lid moet Goukou Plaaswag se vrywaringsvorm onderteken en die dokument moet op leêr gehou word.

**5. VRYWARING**

5.1 Goukou Plaaswag is nie 'n regspersoon nie en moet funksioneer binne die riglyne soos uiteengesit in die Wes-Kaapse Provinsiale Grondwet en Gedragskode van Plaas – en Buurtwag strukture.

5.2 Die erkennig van vrywaring moet deur elke lid onderteken word.

5.3 Die vrywaring moet duidelik stipuleer dat Goukou Plaaswag 'n vrywillige organisasie is.

**6. AANSPREEKLIKHEID**

6.1 Goukou Plaaswag is nie 'n regspersoon nie en het geen uitvoerende magte. Alle handelinge vind plaas op vrywillige basis.

6.2 Alle lede tree in sy of haar eie hoedanigheid op en is aanspreeklik vir sy of haar eie optrede.

6.3 Goukou Plaaswag struktuur is nie verantwoordelik vir enige siviele en / of strafregtelike daad of versuim van sy lede nie.

6.4 Alle siviele of strafregtelike aksie teen ‘n lid, is teen die lid self en nie teen Goukou Plaaswag struktuur nie.

6.5 Goukou Plaaswag kan nie vir die optrede van ‘n lid verantwoordelik gehou word nie, dog kan die lid Goukou Plaaswag vra om bystand van een of ander vorm.

**7. TOEREKENBAAR**

7.1 Goukou Plaaswag is eerstens aan die SAPD verantwoordbaar.

7.2 Goukou Plaaswag is op grond van sy registrasie by die plaaslike Gemeenskap Polisieforum toerekenbaar.

7.3 Die Provinsiale Grondwet en Gedragskode is bindend op Goukou Plaaswag sover dit nie bots met die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en die verklaring van regte nie.

7.4 Elke lid van Goukou Plaaswag is laastens toerekenbaar tot die vrywillege organisasie.

**8. AFFILIASIE**

8.1 Goukou Plaaswag moet by die plaaslike Gemeenskap Polisieforum geaffilieer word ten einde deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens erken te word.

8.2 Enige ander affiliasie tot enige organisasie mag plaasvind, behalwe by ‘n politieke organisasie.

**9. SAMESTELLING**

9.1 Goukou Plaaswag moet bestaan uit huishoudings en besighede in duidelik afgebakende areas.

9.2 Die beteken dat Goukou Plaaswag in vier hoofareas ingedeel moet word volgens die dorpe in Hessequa.

9.3 Genoemde areas moet onderverdeel word in wyke, sones en roetes in die gebied.

**10. FUNKSIES**

10.1 Goukou Plaaswag moet die Suid-Afrikaanse Polisiediens bystaan in misdaadvoorkoming in hul gebied.

10.2 Goukou Plaaswag moet die Suid-Afrikaanse Polisiediens se strategie vir die voorkoming van misdaad aanvaar en ondersteun.

10.3 Goukou Plaaswag moet binne die raamwerk van die wet werk en optree.

10.4 Goukou Plaaswag het die reg om burgerlike arrestasie uit te voer volgens Strafproseswet (No. 51 van 1977). Afskrifte moet aan alle patrollie lede beskikbaar wees.

**11. LOGO'S EN BRIEFHOODE**

11.1 Goukou Plaaswag is gemagtig om sy eie logo en briefhoof te gebruik.

11.2 Goukou Plaaswag is by magte om sy eie embleem met noodnommer te gebruik vir identifikasie.

11.3 Goukou Plaaswag is ook by magte om klerasie met logo's vir sy lede te bekom.

**12. IDENTEIFIKASIE**

12.1 Alle lede moet inbesit wees van 'n Goukou Plaaswag identiteitskaart.

12.2 Die kaart moet die Goukou Plaaswag emblem toon en mag nie dieselfde wees as die kaart van die Suid-Afrikaanse Polisiediens nie.

12.3 Die lid se naam, foto en roepsein moet op die kaart verskyn.

12.4 Elke kaart moet geldig wees en erken word deur Goukou Plaaswag strukture.

**13. OPLOSSING VAN GESKILLE**

13.1 Die Bestuur van Goukou Plaaswag is verantwoordelik om alle geskille op te los en te besleg.

13.2 Indien die geskil nie besleg kan word nie, moet die bestuur 'n arbiter of fasiliteerder gebruik om die saak te hanteer.

13.3 Alle geskille moet op 'n Algemene Vergadering van die lede openbaar gemaak word met uitslag daarvan.

**14. DISSIPLINêRE MAATREëLS**

14.1 Die maatreëls behels; Teregwysing, Skorsing en Uitwerping na afloop van 'n ondersoek.

14.2 Indien enige klagte teen 'n lid ingedien word, moet bogenoemde prosedure gevolg word.

14.3 Alle klagtes moet op skrif wees en by die Voorsitter of Sekretaris van Goukou Plaaswag ingedien word.

14.4 Die gebruik van kru taal, persoonlike aanvalle of aanvallende gesprekvoering op whatsappgroepe van Goukou Plaaswag word streng verbied. Indien 'n lid hom/haar skuldig maak aan genoemde oortredings sal hy/sy summier verwyder word van die groep.

14.5 Geen konflik sal op groepe geduld word nie, en moet alle lede hul onderwerp aan die reëls en regulasies.

## 15. GEBRUIK EN BEHEER VAN FONDSE

15.1 Goukou Plaaswag is ‘n organisasie sonder winsbejag.

15.2 Behoorlike finansiële state moet bygehou word en van alle fondse moet verslag gedoen word.

15.3 Geouditeerde state sal jaarliks aan lede beskikbaar gestel word.

15.4 Goukou Plaaswag mag die organisasie bemark vir addisionele fondse. Dit moet in oorleg met die Gemeenskap Polisieforum en die Suid-Afrikaanse Polisiediens geskied.

## 16. RIGLYNE VIR PROSES VAN SAMEWERKING

16.1 Die Suid-Afrikaanse Polisiediens moet, waar moontlik van sy lede voorsien, of help om te reël dat lede van ander wetstoepassers oor die Plaaswag toesig hou wanneer patrollies of operasies uitgevoer word.

16.2 Die Departement van Gemeenskapsveiligheid moet goedkeuring gee vir die befondsing van projekte soos versoek deur die Plaaswag wat by die Gemeenskaps Polisieforum geregistreer is.

16.3 Goukou Plaaswag moet die Suid-Afrikaanse Polisie bystaan met die aanwysing van potensiële Polisiereserviste.

16.4 Goukou Plaaswag se lede moet alle inligting met betrekking tot misdaadvoorkoming en gevangeneming van misdadigers met die Suid-Afrikaanse Polisiediens deel.

## 17. ALGEMENE PRAKTYKE EN PROSEDURES

17.1 Goukou Plaaswag moet gereeld vergaderings hou in alle dorpe in sy bedryfsarea om die plaaslike gemeenskap op hoogte te hou van sy werksaamhede.

17.2 Tydens 'n siviele arrestasie of bystand aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens geld die Strafproseswet , Wet 51 van 1977 (artikel 49 (1) daarvan) wat as volg lei: “ ‘n persoon wat sodanig gemagtig is, kan, ter uitvoering van die arrestasie, sodanige geweld gebruik wat onder die omstandighede redelikerwys nodig is om weerstand te oorkom of te verhoed dat die betrokke persoon vlug. “

17.3 Die Suid-Afrikaanse Polisiediens-lede wat vir die voorkoming van misdaad verantwoordelik is, moet aanvaar dat Goukou Plaaswag ‘n vrywillige organisasie is wat dieselfde doel nastreef en dat die gemeenskap aangemoedig moet word om by die Plaaswag betrokke te raak.

17.4 Die SAPD moet bystand aan Goukou Plaaswag verleen ten einde te verseker dat dit effektief funksioneer binne die wetlike raamwerk waaraan dit onderworpe is.

**SAAM IS ONS ONBREEKBAAR**